**NUUSBRIEF / NEWSLETTER**

**OVERSTRAND MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY - GANSBAAI**

**DESEMBER / DECEMBER 2017**

**Word Of Welcome**

Gansbaai, the Best Responsible Tourism Destination in the World (2015), bids you welcome. We wish to invite you to enjoy our prestine natural environment and wonderful attractions as a unique holiday destination. Die vertroue word uitgespreek dat u 'n onvergeetlike ervaring gedurende u vakansie verblyf sal hê en dat u 'n waardevolle bydrae sal lewer in ons strewe om 'n Sentrum van Uitnemendheid vir ons inwoners en besoekers te wees en om doelgerig te verseker dat ons die uitsonderlike natuurlike omgewing vir ons nageslagte bewaar.

Allow me the opportunity to thank our local residents of the Overstrand area for their contribution to the following achievements of which we are extremely proud of:

- Gansbaai Tourism was awarded the title of being the Best Reponsible Tourism Destination in the World during the award ceremony held in London during November 2015 after they've also won the Gold Medal at the African competition held during April 2015. Enterprises like the Grootbos Foundation and Marine Dynamics who won gold medals at the African Competition, played a significant role in achieving this award. We are extremely proud of the Grootbos Private Nature Reserve who wins the Safari Awards for the best Marine Safari Experience in the world (2017) as well as the WTM Responsbile Tourism Award in the accommodation category.
- Sound Financial Management - Overstrand prides itself on obtaining clean audits for four (4) consecutive financial years and is expecting a fifth clean audit report from the Auditor-General in respect of the latest audit completed by them at the end of November 2017. It places Overstrand Municipality amongst the top 5% local Authorities in South Africa to have received four or more consecutive clean audits.
- Fire & Rescue and Disaster Management Services won the Rosenbauer Excellence Award (National Award for Best Practice).
- Housing: Overstrand Municipality received the Govan Mbeki Housing Award 2017 for runner up in the category "Best Integrated Residential Development" for the Mount Pleasant Housing Project.
- Western Cape Greenest Municipality Competition 2017: Awards received by Overstrand Municipality:

  Overstrand Municipality received the following awards at the 2017 Western Cape Greenest Municipality awards function on 27 November 2017:

  1. Trophy for Winner in the Waste Management category. Overstrand won this category 7 times in the last 9 years.
  2. Trophy for Winner in the Water Management category. Overstrand won this category 4 times in the last 5 years.
  3. Trophy for Winner in the Biodiversity Management category.
  4. Trophy for First runner up overall in the 2017 Western Cape Greenest Municipality Competition.
  5. Certificate of Outstanding Achievement for Innovation for (1) the Rethink the Bag Project, and for (2) the Outsourcing of Management of the Overstrand Municipal Bulk Water- and Waste Water Treatment Works.
  6. Certificate of Outstanding Achievement for most improved municipality in the Biodiversity Management category.

**Spesiale Reëlings ten opsigte van Munisipale Dienste gedurende die Vakansieseisoen:**

Vullisverwydering (11 Desember 2017 - 12 Januarie 2018)

Weeklikse verwydering van huishoudelike vullis wat in vullissakke uitgeplaas is volgens die onderstaande program:

| | |
|---|---|
| Maandae: | Sakekern & Woonwapark<br>Buffeljachtsbaai<br>Pearly Beach/Eluxolweni |
| Dinsdae: | Sakekern & Woonwapark<br>De Kelders<br>Beverly Hills<br>Masakhane |
| Woensdae: | Sakekern & Woonwapark<br>Industriële Gebied<br>Franskraal |
| Donderdae: | Sakekern & Woonwapark<br>Kleinbaai/Klipfonteyn<br>Duikersfontein<br>Baardskeerdersbos |
| Vrydae: | Sakekern & Woonwapark<br>Masakhane<br>Gansbaai/Perlemoenbaai<br>Blompark/Beverley Hills |

The lack of proper handling of garbage bags is a major cause of littering and it is consequently contributing to the environmental degradation in our area. Black bags left unattended to on sidewalks, are often torn open by dogs, cats and even humans in search of food, resulting in a serious litter problem.

PLEASE!!! - Do not leave your household garbage bag on the sidewalk overnight or on non-collection days. Ask your neighbour/friend to put your bag out, should you leave your house before collection day. As a trial run, additional bulk waste skip bins were placed at strategic positions in Franskraal (Rossouw Street), Kleinbaai (Perlemoen Street), Blompark (Kampeerweg) and Masakhane to address the need of holidaymakers who are unable to dispose of their **DOMESTIC** refuse

on the scheduled collection days in the different neighbourhoods. Please note that any abuse of these facilities might lead to prosecution and a spotfine of R3 500.00 is applicable in case of illegal dumping. Do not deposit loose items (boxes, paper, plastic, bottles, etc) or plastic shopping bags with litter on the sidewalk. Do not throw your garbage (bag) into the nearest bush. Facilities were also created at the main entrance of the Gansbaai landfill site where domestic refuse could be deposited after hours. Care for your environment by picking up plastic, paper, bottles, etc in your area. Various programmes for recycling already exist. Transparent bags will be made available on your request for recycable material. Please assist us to remain the cleanest area in the country.

**Potable/Drinking Water**

No water restrictions apply. Water is however a scarce commodity and usage of it for irrigation purposes, washing of cars and vessels and even surfaced areas, is discouraged. Please be aware that the water tariffs (calculated on a sliding scale for water consumption of more than 18 kl per month), is determined by much higher rates.

**Riool Tenker Dienste**

Alhoewel die diens gedurende piek vakansietye geweldig onder druk geplaas word, is die verwagting daar dat daar voldoende kapasiteit sal wees om aan die vraag te voorsien. Die mikpunt is om alle aansoeke op 'n daaglikse basis af te handel sodat daar nie agterstande opgebou word nie - Alle aansoeke wat dus daagliks tussen die ure 08:00 en 15:00 ontvang is, sal gediens word teen die gewone tarief. Aansoeke kan telefonies gerig word deur die volgende telefoonnommers te skakel - (028) 384 8367, (028) 384 8328 of (028) 384 8300. Na-ure versoeke moet gerig word aan die nooddienste by telefoonnommers (028) 313 8000 of (028)313 8111. Geliewe daarop te let dat laasgenoemde versoeke gediens word teen dubbeld die normale tarief wat vir die diens goedgekeur is. Die munisipaliteit sal poog om die tye waarop riool tenker dienste gelewer sal word, te beperk tot 06:00 - 22:00 daagliks. Neem asseblief kennis dat u verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die uitroepfooie in gevalle waar u die diens aangevra het en later besluit om die aansoek te kanselleer nadat die diensvoertuig op die aansoek reageer het.

**Vandalisme**

Hierdie euwel veroorsaak jaarliks dat belastingbetalers duisende rande moet opdok om skades wat deur vandale aangerig word, te herstel. Die munisipaliteit laat geen steen onaangeraak om boosdoeners aan die pen te laat ry nie. Dit is veral verkeerstekens, straatligte en gemeenskapsfasiliteite wat deurloop. U sal besef dat hierdie kommoditeite belangrik is in die gebied en u word versoek om die munisipaliteit behulpsaam te wees om die euwel uit te roei en om 'n gesonde kultuur te vestig. Die identiteit van enige persoon wat die voorval aanmeld, word ten alle koste met die nodige vertroulikheid hanteer.

**Wetsgehoorsaamheid**

Die munisipaliteit het begrip dat vakansiegangers wat deur die loop van die jaar gebuk gaan onder 'n gestruktureerde lewenswyse meestal 'n behoefte het om met vakansietyd 'n sorgelose en kommervrye daaglikse program te volg. Die ondervinding is dan ook dat alles anders gedoen moet word as wat die gewoonte deur die loop van die jaar was. So byvoorbeeld word verkeersreëls verontagsaam wat tot gevolg het dat daar teen diesulke oortreders opgetree moet word. Die logiese gevolg is dat die wetstoepassingsbeamptes wat daar is vir die veiligheid van alle padgebruikers dikwels vir die onaangenaamheid verantwoordelik gehou word en boonop moet deurloop onder beledigings en skeltaal. Om u besoek 'n aangename en onvergeetlike ervaring te maak, word u vriendelik versoek om u volle samewerking te gee. Die kapasiteit van die plaaslike wetstoepassingsafdeling is op 'n tydelike basis aansienlik uitgebrei om selfs na-ure beskikbaar te wees. U behoort in u eie belang te let op die volgende:

- Sorg dat u altyd hou by die spoedgrens.
- Maak seker dat u voertuig padwaardig en gelisensieerd is.
- Verseker dat 'n geldige lisensieskyfie van u voertuig behoorlik vertoon word.
- Weerhou u daarvan om toe te laat dat voertuie bestuur word deur tieners wat nie oor 'n geldige rybewys beskik nie.
- Sorg dat u rybewys in u besit is wanneer u 'n voertuig bestuur.
- Gebruik u veiligheidsgordel.
- Moenie passasiers op onbehoorlike wyse vervoer nie.
- Eerbiedig die reëls soos neergelê deur die Padverkeerswetgewing.
- Moenie u selfoon gebruik terwyl u bestuur nie. #Dit kan wag!
- Moenie u eie pret bederf nie.
- Moet nooit drink en bestuur nie.

**Launching of Boats in the Gansbaai Area**

The launching of vessels is regulated by legislation earmarked to protect the environment. The regulations pertaining to the control of use of vehicles in the coastal zone dated 21 December 2001 prohibit unauthorised access of vehicles to beaches. The necessary approval to use the Kleinbaai Slipway, Blou Sloep at Franskraal, Bluewater Bay at Pearly Beach and the Buffeljachts launching site as registered boat-launching sites, was obtained. Together with the facilities in the Gansbaai Harbour area, these are therefore the only registered launching sites in the Gansbaai Area. All registered Public Boat Launching Sites in the Overstrand area will be manned this festive season.

**Plot-clearing / Ontbossing van Oorgroeide Erwe**

The municipality has been flooded with complaints from residents fearing the risks of runaway fires and the general appearance of undeveloped residential properties in the area. An average of more than 50 notices are served on a monthly basis on land-owners to clear the properties from alien vegetation. All residents are therefore again reminded of their responsibility in this regard. In instances where the municipality is forced to appoint contractors after due process was followed to encourage the owner to clean the plot by him/herself, the costs are inflated substantially. It will be in everybody's interest if owners accept their responsibility in this regard. It was decided also to involve the additional court in dealing with offenders in this regard. The latest policy approved by Council during March 2017 prohibits the utilisation of mechanical devices such as tractor driven mowers ("bossiekappers") and only manually clearing by using hand held devices such as chainsaws and brushcutters are allowed. Contact details of accredited service providers in this regard are obtainable from the municipality (tel. no. 028 384 8300).

**Afvuur van Vuurwerke / Brandvoorkoming**

Vanweë die knellende droogte in die Wes-Kaap en Overberg wat 'n geweldige hoë risiko vir weghol veldbrande tot gevolg het, is daar vanjaar besluit om 'n algehele verbod te plaas op die afvuur van vuurwerke. Die gevolge van onlangse weghol veldbrande in die Knysna omgewing is nog vars in die geheue en beslis nie iets wat ons in die Overberg- of Overstrand gebiede wil ervaar nie.

**GROOT ASSEBLIEF**, maak u bydrae om die relevante plaaslike owerhede te ondersteun in hul pogings om risiko's te beperk. Geregsdienaars is aangestel om ferm teen oortreders op te tree.

Verdere inligting in hierdie verband is van die Brandweerhoof verkrygbaar (tel. nr. 028-313 8000 of 028-313 8980).

**Roaming Dogs**

The Law Enforcement Officers were instructed to act firmly against the owners of dogs causing a nuisance to other people. The applicable local by-law regulating the keeping of dogs clearly states that no dog will be allowed to be in a public street/open space/beaches without being held at a leash by a responsible person. Some of the swimming areas were declared out of bounds for dogs. Proper notices to this effect were installed at the entrances to the respective areas (Uilenkraalsmond, Kleinbaai tidal pool and Stanfordsbay serves as examples). Spot fines will be issued to offenders.
Die kwessie rondom honde op Overstrand se strande en in openbare ruimtes is al vir baie jare die onderwerp van 'n hewige woordestryd. Alhoewel honde steeds toegelaat sal word om op strande te kom, gaan hul bewegings voortaan meer ingeperk word ten einde aan die munisipaliteit se Verordening op Honde en Katte te voldoen sowel as aan internasionale Blouvlagvereistes. Artikel 6(2) en (3) van die bogenoemde verordening bepaal duidelik en onomwonde: "Geen persoon sal toelaat of veroorsaak dat enige hond 'n openbare plek betree tensy dit aan 'n leiband is nie." Let daarop dat openbare ruimtes enige strand, paadjie, brug, voetpad of park insluit sowel as enige ander plek wat onder beheer van die munisipaliteit is. Troeteldiereienaars word ook versoek om nie hul honde se mis met sand toe te skop of dit in die see te gooi nie. Daar word van hulle verwag om hul honde se mis op te tel en in die korrekte vullisdromme daarmee weg te doen. Enige oortredings van die verordening kan gerapporteer word deur Wetstoepassing by 028 313 8000 te skakel.

**Birkenhead Animal Rescue Centre (BARC)**

This non-profit organisation is performing valuable services in the welbeing of animals in Gansbaai. They are still looking for homes for dogs/cats that were taken off the street from owners who failed to care for them. Please pay visit to their kennels on the road to the landfill site. Please also support their shop next to Kekkel & Kraai in the Main Road of Gansbaai. Their fieldworkers are contactable on 083 742 3903.

**Important Notice**

**Emergency Contact Numbers**

In case of any emergency, you can phone our 24 hour Control Room at tel. 028 313 8111 or 028 313 8000. The Fire Brigade can be called directly at 028 313 8980 or 028 312 2400 and the toll free number for the Ambulance Service is 10177 and Marine and Coastal Management (028 313 2703) and the local SAPS (028 384 0201). Law Enforcement (028 313 8111) and the NSRI (028 312 3180).

**SMS Facilities**

The more than 25 000 registered sms users in the Overstrand area are pleased and satisfied with the wonderful service they receive from the Overstrand Municipality pertaining to sms messages. If registered, you will receive "fresh from the oven" news about emergency situations, other useful information and notifications on your mobile phone.

Please encourage your neighbour and friends by sharing your experience of this service with them. You can register by phoning 028 -3848300 for information in this regard.

**Addisionele Hof baie aktief**

Die Addisionele Hof vir Munisipale Aangeleenthede rapporteer dat meer as 16 000 sake reeds deur die hof aangehoor is sedert sy totstandkoming. Sake wat verband hou met verkeerswetgewing, munisipale verodeninge sowel as bouregulasies en stadsbeplanning dien voor hierdie hof. Die waarde van munisipale wetgewing kan nie oorbeklemtoon word nie aangesien dit verseker dat sekere gedrag of optredes verbied en gestraf kan word wanneer daar nie gehoor gegee word nie. Oortredings ingevolge munisipale wetgewing, met inbegrip van verordeninge, word omskryf as enige handeling of versuim

wat ingevolge die Strafproseswet vervolg kan word. Derhalwe is enige verordening wat deur 'n munisipale raad goedgekeur is, net so kragtig as nasionale en provinsiale wetgewing. Die addisionele hof is gevestig met die doel om te verseker dat die publiek gehoor gee aan munisipale wetgewing en om seker te maak dat, in die geval van oortredings, die nodige stappe geneem word om die saak reg te stel. Die feit dat talryke oorgroeide persele wat 'n bandgevaar inhou - 'n oortreding van Overstrand se Verordening op Brandveiligheid - nou skoongemaak is nadat eienaars gedagvaar is omdat hulle nie gehoorgegee het aan nakomingskennisgewings wat deur die munisipaliteit op hulle bestel is nie, getuig van die vele suksesse wat hiedie hof in sy eerste jaar behaal het. 'n Oortreding van 'n verordening kan tot gevolg hê dat die volgende stappe teen die oortreder ingestel word: Kennisgewing aan die oortreder. In sommige gevalle kan daar van sodanige kennisgewing afgesien word deur 'n boete te betaal. Om so 'n dagvaarding te ignoreer, kan tot gevolg hê dat die addisionele hof 'n lasbrief vir inhegtenisname uitreik. Voorts kan versuim om aan 'n bevel van hierdie hof te voldoen tot gevolg hê dat die volgende sanksies teen die oortreder ingestel word: 'n Sanksie van gemeenskapsdiens, 'n boete en/of gevangenisstraf, 'n opgeskorte vonnis, 'n waarskuwing. Gegewe sy suksesrekord tot op hede, is dit duidelik dat die Addisionele Hof sy doel dien, naamlik om die gemeenskap van diens te wees deur wet en orde te handhaaf.

**Misdaad – Tien wenke om misdaad te bekamp**

1. Sorg dat u ten alle tye u deure gesluit hou en u vensters toe maak as u nie tuis is nie.
2. Wees op u hoede van u omgewing, as u van 'n bankoutomaat gebruik maak – moenie gebruik maak van hulp van 'n omstander nie.
3. Hou in gedagte dat die toegelate bloedalkohol inhoud 0,05% is – moenie bestuur as u alkohol gebruik het nie – meer as een bier, of meer as een sopie spiritualieë, kan u reeds in die moeilikheid laat beland.
4. Moenie rylopers oplaai nie.
5. Hou noodnommers byderhand.
6. Moenie u deure vir vreemdelinge oopmaak nie.
7. Moenie waardevolle items binne sig in u motor los nie (al is die deure gesluit). Plaas dit in die bagasiebak van u motor.
8. Sluit ten alle tye u motor as u dit parkeer.
9. Rapporteer die bewegings van verdagte persone aan die polisie.
10. Onthou die gebruik van dwelms, besit van perlemoen en die vang van vis of kreef sonder 'n lisensie, is 'n oortreding. Die polisie handhaaf 'n beleid van "geen genade" vir hierdie tipe oortredings.

Dit blyk dat misdadigers veral toeslaan op eiendom waar vriende en familie gesellig saam verkeer en minder bedag is op die risiko van inbrake. Wees maar ekstra versigtig om kosbare besittings in u voertuig te laat.

**Recess and Public Holidays**

The municipal council of Overstrand will be in recess for the period 29 November 2017 till 21 January 2018 (both days included). During the period of recess all urgent matters (emergency situations) will be dealt with by the executive mayor in consultation with the municipal manager. Municipal offices of the Overstrand area (including libraries) will close at 13:00 on Friday, 22 December 2017 and Friday, 29 December 2017 and respectively re-open at 07:45 on Wednesday, 27 December 2017 and Wednesday, 3 January 2018.

**Slotopmerking**

Na verwagting sal ongeveer 220 000 mense die vakansieseisoen in die Overstrand gebied deurbring en dit is onafwendbaar dat die toedrag vele uitdagings ten opsigte van dienslewering bied. Daar is hard gewerk om die nodige voorbereidings betyds af te handel en om seisoenale werkers aangestel te kry om die druk te verlig. Vakansiegangers se samewerking gaan egter nodig wees om te verseker dat die seisoen vir almal genotvol gaan wees en dat die dinge wat waarde tot u vakansie toevoeg vir altyd behoue sal bly. Alhoewel daar waardering is dat inwoners/vakansiegangers by wyse van geskenke erkenning wil verleen aan goeie dienste deur munisipale werkers, skep dit praktiese probleme en die praktyk word ontmoedig.

Gun my die geleentheid om nogmaals aan u almal 'n baie Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toe te wens. Mag ons nooit die ware betekenis van hierdie heugelike gebeurtenis uit die oog verloor nie - 'n tyd om te gee, 'n tyd om te vergewe en 'n tyd om ons familie en vriende te geniet en te waardeer.

Vriendelike Feesgroete

F MYBURGH

MUNISIPALITEIT OVERSTRAND
AREABESTUURDER : GANSBAAI

11 Desember 2017



# HOE GEMAAK OM TE HERWIN

## HOE OM TE HERWIN

- Sit 'n deurskynende sak met herwinbare items op die sypaadjie op dieselfde dag as wat vullisverwydering plaasvind
- Die munisipaliteit voorsien 'n gratis deurskynende herwinningsak elke keer as jy so 'n sak met herwinbare materiaal uitsit
- Wanneer jou herwinningsak per abuis nie vervang is nie, is jy welkom om 'n sak by die naaste munispale kantoor af te haal

## HERWIN OP DIE REGTE MANIER

- Papier en karton moet droog en skoon van voedsel-reste wees
- Karton / Blikkies moet skoon en droog wees
- Papier wat in kontak was met voedsel en nat vullis kan nie herwin word nie
- Alle blikkies en glas botteltjies/flesse moet leeg wees
- Sorteer plastiek deksels en proppe van plastiekbottels (word van verskillende materiaal vervaardig)
- Hou mediese afval soos bv spuitnaalde uit die herwinningsak

## WAT KAN HERWIN WORD

- Alle herwinningsmateriaal soos papier, glas, blikkies en plastiek kan in dieselfde sak geplaas word
- Kosoorblysels of polystereenkoppies en -houers kan nie herwin word nie
  - ONTHOU: Kosoorblyfsels en nat vullis gaan in die swart sak

**GANSBAAI ADMINISTRASIE: HUISEIENAARS EN AGENTE:**

LIG VAKANSIEHUURDERS IN VAN DIE TYE EN SKEDULE VAN VULLISVERWYDERING EN HERWINNING:

**MAANDAG:** Pearly Beach • **DINSDAG:** De Kelders, Masakhane, Beverly Hills

**WOENSDAG:** Franskraal • **DONDERDAG:** Kleinbaai, Baardskeerdersbos

**VRYDAG:** Gansbaai, Perlemoenbaai, Masakhane, Beverly Hills

DAE BLY ONVERANDERD, ONGEAG VAKANSIE DAE.

## JA! Dit kom in die deurskynende sak:

**PAPIER / KARTON**



Koerante,tydskrifte, papier en karton

**GLAS**



Bottels en flesse
*Geen ander glas soos vesterruit en ruite van motors ens)*

**PLASTIEK**



Koeldrank,water en melkbottels, yoghurt, roomyshouers, 'bubble wrap' en plastiese sakke

**BLIKKIES**



Koeldrank- en voedselblikkies, deodorant- en haarspreiblikke en huishoudelike skoonmaakmiddelhouers

## NEE! Dit kom in die swart sak:

**VOEDSELAFVAL, SKILLE EN KOMBUISAFVAL**



**WEGDOENBARE LUIERS, TANDEPASTEHOUERS**



**VOEDSELBESMETTE PAPIER EN KARTON**



**OU KLERE EN SKOENE**



LET WEL: - • *Vullis en herwinningssakke moet voor 7.30 op die dag van verwydering op sypaadjie gesit word en nie die vorige dag nie • Elke huishouding mag 'n drom of vier swart sakke uitsit waarvan een sak n tuinvullissak mag wees • Tuinvullis, huishoudelike gevaarhoudende stowwe (verf, verfverdunners, gifstowwe ens) kan na die Gansbaai-stortingsterrein geneem word.*

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND






# LET'S RECYCLE RIGHT!

## HOW TO RECYCLE

- Place a clear plastic bag with your recyclables on the sidewalk on the same day the municipality would normally collect refuse
- The municipality gives you a free clear plastic bag every time that you put out a full bag of recyclables
- If your clear bag was inadvertently not replaced, you are welcome to collect one at the nearest municipal office

## RECYCLE RIGHT

- Paper and cardboard must be dry and free of food debris
- Paper/canned food containers must be rinsed out
- Paper that has been in contact with food is not acceptable
- Make sure all containers have been emptied
- Separate plastic lids from plastic bottles (made from different materials)
- Keep medical waste (syringes, needles) out of recycling bags

## WHAT TO RECYCLE

- You don't need to separate the different items into different bags - just put paper, glass, tins and plastics into the one clear bag
- Food waste, polystyrene foam cups and/or polystyrene containers can not be recycled
  - REMEMBER: All food scraps and other waste goes into the black refuse bag

**GANSBAAI ADMINISTRATION: PROPERTY OWNERS AND AGENTS:**

**PLEASE FORWARD THE RECYCLING / REFUSE REMOVAL SCHEDULE TO HOLIDAY TENANTS:**

**MONDAY:** Pearly Beach • **TUESDAY:** De Kelders, Masakhane, Beverly Hills

**WEDNESDAY:** Franskraal • **THURSDAY:** Kleinbaai, Baardskeerdersbos

**FRIDAY:** Gansbaai, Perlemoen Bay, Masakhane, Beverly Hills

***DAYS REMAIN THE SAME REGARDLESS OF PUBLIC HOLIDAYS.***

# YES! These go into a clear bag:

### PAPER / CARDBOARD



Newspapers, magazines, paper, cardboard and boxes

### GLASS



Bottles and jars.
*No other glass (window panes, windscreens etc)*

### PLASTICS



Cold-drink, water and milk containers, yoghurt and ice-cream containers, bubble wrap, plastic bags

### CANS



Cold-drink and food cans, deodorant and hairspray cans, cans containing household cleansing aids

# NO! These go into a black bag:

### FOOD WASTE, SCRAPS AND PEELINGS



### DISPOSABLE NAPPIES, TOOTHPASTE TUBES



### WET OR FOOD-SPOILED PAPER & CARDBOARD



### OLD CLOTHING AND SHOES



TAKE NOTE: - *Only put refuse and recycling bags out before 07:30am of the day of collection, not the day before - Each household is permitted one bin or four bags of household waste (which may only include one bag of garden refuse) - Garden waste, household hazardous waste (paint, thinners, pesticides, etc) and e-waste can be taken to Gansbaai landfill.*

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND